

Maandag 9 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:18-20 (AFR83)

Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:18-20

Begin by jou eie gesindheid en optrede – so bly jy aan God getrou!

In 1 Petrus 2:18-20 word daar met slawe gepraat. 'n Slaaf het destyds geen regte gehad nie en ook geen besittings nie. Sy eienaar het hom op 'n stadium gekoop op 'n slawemark. Van daardie dag af was die slaaf die wettige eiendom van daardie eienaar en die eienaar kon met hom maak wat hy wou. Die slaaf is ook nie vergoed vir die werk wat hy gedoen het nie, hy het niks daarvoor verdien nie. Dit is in kort hoe die slawepraktyk in daardie tyd gewerk het. En as ons eerlik moet wees, dan lyk dit na 'n onregverdige praktyk – iets wat reggestel moet word.

Petrus praat met sulke slawe en hy sê vir hulle dat hulle gehoorsaam aan hulle werkgewers moet bly, en dan kom hierdie belangrike kwalifikasie: "... nie net wanneer julle base goed en vriendelik is nie, maar ook wanneer hulle julle verkeerd behandel."

Wanneer daar spanning is tussen werkgewer en werknemer – al is dit as gevolg van onregverdige optrede – dan word die saak reggestel deur by 'n bepaalde punt te begin. Die beginpunt lê by jouself. Begin eers deur te sorg dat jou eie gesindheid en optrede reg is. Hoe kry mens dit reg? Die Bybel stel dit baie duidelik dat ons werk nie net met ander mense te doen het nie, maar dat dit in die eerste plek met God te doen het. Ek moet my werk doen asof vir die Here en nie vir mense nie. En dit verander alles! As jy so oor jou werk dink, dan sal jy met toewyding jou werk kan doen:

- Jy sal bereid wees om op te offer, want ons hemelse Vader het so baie vir ons opgeoffer. Hy het sy enigste Seun geoffer sodat ons kan lewe!
- Jy sal werk met entoesiasme en oorgawe, want Christus se werk aan die kruis was nie halfhartig nie.
- Jy sal werk met vreugde en opgewondenheid in jou gemoed, want die Heilige Gees skep daardie blydschap binne-in jou.

Om vir die Here te werk, is om jou werk op so 'n manier te doen dat die Here daarmee tevrede sal wees. Dan seën Hy jou in jou werk. Jou gesindheid begin dan ook afsmeer op ander en uiteindelik word selfs verkeerde praktyke reggestel. Jou gesindheid motiveer jou medewerknemers, dit het 'n opbouende effek op hulle en so word jou werk 'n voorreg en 'n vreugde, maar slegs wanneer die Here deel daarvan is.

Sing: Psalm 145-1:1, 10

Ds. FJ Potgieter (Fritz) (Bloemfontein-Suid)